# SÊ JOU SÊ
# VOORGESTELDE SAFE SPACE-ONTWIKKELING (VEILIGE RUIMTE) IN KUILSRIVIER

Werk saam om kwesbare inwoners te steun en ons gemeenskap te versterk.

Die Stad Kaapstad, deur sy program vir mense op straat, stel die ontwikkeling van 'n Safe Space-fasiliteit in Kuilsrivier voor as deel van die Stad se pogings om menswaardige alternatiewe vir slaap inopenbare plekke te bied.

Veilige ruimtes vorm deel van die Stad se strategie om buiteslaap te hanteer deur gestruktureerde oorgangsverblyf tesame met toegang tot maatskaplike dienste,vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede en herintegrasiesteun te voorsien. Die konsepontwerp stel 'n Safe Space-fasiliteit voor met 130 beddens in Kuilsrivier wat skuiling, basiese dienste en herintegrasiesteun in 'n veilige en menswaardige omgewing bied.

Die voorgestelde ontwikkeling is op erf 1211 en 1212, Kuilsrivier geleë. Die fasiliteit sal bedryf word deur 'n organisasie met toepaslike en uitgebreide ervaring in die buiteslaapsektor. 'n Bedryfsplan sal opgestel word om te verseker dat beide die omliggende gemeenskap en kliënte van die veilige ruimte optimale steun ontvang, terwyl die uitdagings van haweloosheid en bevordering van menswaardigheid aandag geniet. Die fasiliteit sal 24 uur-sekuriteit insluit en steun sal van wetstoepassingspatrollies versoek word, ooreenkomstig bestaande Safe Space-bedrywighede regoor die stad.

**Die voorgestelde fasiliteite is daarop gemik om:**
- 'n Veilige en menswaardig alternatief vir slaap in openbare plekke te bied
- Tydelike verblyf te bied vir persone wat haweloos is
- Toegang tot gesondheidsorg, maatskaplike dienste en ontwikkelingsprogramme te fasiliteer
- Toegang tot vaardigheidsontwikkeling en werksgeleenthede te ondersteun
- Herintegrasie met families en gemeenskappe, waar moontlik, te bevorder

**Uitnodiging na openbare opedag**

Datum: 21 Julie 2026
Tyd: 14:00 - 20:00
Plek: Van Riebeeck-gemeenskapsaal

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 8 Julie 2026 tot 8 Augustus 2026 kommentaar, insette en aanbevelings daaroor by die munisipaliteit in te dien.

**Kommentaar, insette en aanbevelings kan op die volgende maniere ingedien word:**
- E-pos: Brandon.Lebuso@capetown.gov.za
- Internet: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings: Subraad 14-kantoor, munisipale kantore, h.v. Carinus- en Van Riebeeckweg, Kuilsrivier

Spesiale bystand sal gegee word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien.

Kontak vir Mbuthokazi Kubashe by die eenheid vir openbare deelname by 021 400 9808 of AndreA.Louw@capetown.gov.za vir meer inligting oor algemene openbare deelname.

**Kontak Brandon Lebuso by 021 444 8539 of e-pos Brandon.Lebuso@capetown.gov.za vir enige navrae.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA141/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.